



## 7 JANUARIE 2018

**09:00 Erediens**

Fay van Eeden

**09:30 Lynnwood Oord-diens**

Johan Jooste

Psalm 90

**☞ Geen Aandienste tydens die vakansie**

## Voorspoedige 2018

"Wat die nuwe jaar vir jou bring,  
sal baie afhang van  
wat jy na die nuwe  
jaar bring"

- VERN MCLELLAN  
SKRYWER

## 14 JANUARIE 2018

**09:00 Erediens**

Quintus Smit

**18:00 Aanddiens**

Immanuel van Tonder

### *Voorbidding:*

Erna Pretorius en familie, The Wishbone-North 477B,  
Lynnwood, 082 553 5911 – Stuart oorlede. Begrafnis was  
Donderdag.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

### *Predikante:*

Kontak gerus die kerkkantoor indien u 'n besoek verlang of bewus is van iemand wat 'n besoek benodig gedurende die vakansie.

### *Jakaranda Liggiesfees:*

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings en ondersteuning!

### *Oop vir die Oomblik:*

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, *aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder.*

Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.

Inskrywings: stuur 'n e-pos aan [finansies@stellastraat.co.za](mailto:finansies@stellastraat.co.za) met jou naam en kontak besonderhede.

Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.

Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.

Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.

Finansiële ondersteuning beskikbaar.

Navrae: Immanuel van Tonder 083 540

6015, [immanuelvt@gmail.com](mailto:immanuelvt@gmail.com)

of Willem Nicol 083 966 7831, [wnicol@mweb.co.za](mailto:wnicol@mweb.co.za).

### *Dankoffers:*

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of *Snap Scan*.



Snap here to pay

 SnapScan

---

## *Kontak van die week: Elke dag R86 400 verniet!*

Dink jou in hoe dit sou wees as jy elke dag R86 400 in jou bankrekening gekry het. Jy kan dit alles gebruik soos jy wil, maar niks van gister word na die volgende dag oorgedra nie. Môre het jy alles verloor wat jy nie vandag gespandeer het nie. Jy kan ook nie geld by môre leen vir vandag nie. Jy moet dit vandag spandeer.

Ongelukkig ontvang elkeen van ons nie soveel geld elke dag nie, maar almal van ons ontvang elke dag 86 400 sekondes! Jy ontvang dit of jy ryk is of arm, baie van jousef dink of nie, of jy gelowig is of nie, briljant is of nie so slim nie, baie talente het of min. Ons kry almal elke dag dieselfde.

Arnold Bennett het gesê: "*You wake up in the morning, and Lo! Your purse is magically filled with twenty-four hours- the most precious of possessions...*"

Gemiddeld het ons elkeen 28 835 dae op aarde. Kyk net hoe spandeer ons meestal die tyd:

[https://youtu.be/BOksW\\_NabEk](https://youtu.be/BOksW_NabEk)

Die effek van Arnold se waar woorde moenie maar net meer en groter uitsette wees nie, maar eerder wyser spandering van tyd. Waarop spandeer jy jou kosbare sekondes? Belê jy op die regte plekke en in die regte mense? Kan jy "nee" sê vir die ander wat ook jou tyd eis?

Jou vol beurs vra wysheid dat jy jou sekondes spandeer op dit wat werklik saak maak. Dit vra ook dat jy ten minste teenwoordig is in elke sekonde wat jy leef. Deur nie "teenwoordig te wees waar jy is" nie, is die grootste vermorsing van tyd.

Alhoewel baie mense en instansies op ons tyd aanspraak maak, is daar genoeg rykdom in elke moment om te ontgin sonder dat ons vooruit hoef te gryp, of in die verlede hoef te leef. Gesonde spiritualiteit help jou om die rykdom van elke moment te ontgin sonder om met angs al die sekondes gelyk te ervaar.

Lank, lank gelede was daar 'n rak-horlosie wat allerhande somme oor sy lewe begin maak het. Die dag toe die horlosiemaker hom vir die eerste keer opgewen het om met sy horlosiewerk te begin, het hy gedink hy moet iets doen om die tyd aan te gryp. Sy plan was om elke sekonde twee keer tik, dus 120 keer per minuut, 7,200 keer per uur en 172,800 elke 24 uur. Hy sou dan in tien jaar 'n hele 630,720,000 keer moes tik! Die blote gedagte daaraan het die horlosie se keel van angs laat toetrek sodat hy toe sommer net daar gaan staan het. Die horlosiemaker het weer na sy ratwerk gekyk, hier-en-daar skoongemaak en mooi met hom gepraat. Die horlosie moet beseft dat al wat van hom verwag word, is om een tik op 'n slag te gee. Hy hoef nie te jaag of gaan staan nie. Hy hoef nie môre se sekondes vandag te tik nie. Wees net teenwoordig in elke sekonde wat jy hier moet tik.

'n Onbekende persoon het hierdie verwerking van ps 23 geskryf wat jou in dié tyd kan lei:

*The Lord is my pacesetter I shall not rush,  
He makes me stop and rest for quiet intervals  
He provides me with images of stillness,  
Which restores my serenity.  
He leads me in the way of efficiency through  
calmness of mind,  
And His guidance is peace.  
Even though I have a great many things to accomplish  
each day  
And crisis may pile upon crisis  
I will not fall apart for His presence is here,  
His timelessness, His all importance will keep me  
in balance.  
He prepares refreshment and renewal in the midst  
of my activity.  
He anoints my mind with His oils of inspiration.  
My cup overflows.  
Surely harmony and effectiveness shall be the fruit of  
my hours,  
For I shall walk in the peace of the Lord  
And dwell in His house forever.*

God is elke sekonde van die nuwe jaar by ons, sodat ons daardie sekonde met wysheid kan spandeer. En wanneer ons tyd onoordeelkundig gebruik, is Hy ook daar om vergifnis en korreksie aan te bring. Hy is die Vader van tyd!

Mag jy elke dag dankbaar leef met elke sekonde wat 'n gawe is om die lewe te leef, die lewe wat jy ontvang het.

Tik-tak-tik-tak... Sterkte met 2018!

Groete

**Immanuel van Tonder** (namens die Predikantespan)



## EK BIED MY GAWE AAN:



**Naam** \_\_\_\_\_

**Selfoonnommer** \_\_\_\_\_ **Landlyn nommer** \_\_\_\_\_

**E-posadres** \_\_\_\_\_

**Kort beskrywing van Gawe**

\_\_\_\_\_

**Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)**

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

**Handtekening**

\_\_\_\_\_

**Datum**

\*\*\* Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za)

**Gemeenskap** 

**Kennisgewingborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

